



Tjokkies

PREPRIMÊRE SKOOL
UNIVERSITAS

SKOOLREËLS EN REGULASIES

Ons heet u en u kleuter welkom by Tjokkies Preprimêre Skool. Ons vertrou dat u kleuter aangename en opwindende kinderjare by ons skool sal ervaar.

1. SKOOLTYE

- Skooltye is vanaf 08:00 tot 12:40. Vroeë kleuters word vanaf 06:50 by die kantoor deur die personeellid aan diens ontvang.
- **Kleuters moet deur 'n ouer aan die onderwyseres aan diens oorhandig word.** Geen verantwoordelikheid word aanvaar vir kleuters wat net buite afgelaai word nie.
- Bring u kleuter daagliks om dieselfde tyd skool toe (nie later as 08:00 nie).
- **Oggendkleuters MOET tussen 12:40 en 13:10 afgehaal word.**
- Middagkleuters mag nà rustyd (15:00) gedurende die namiddag afgehaal word, **met toestemming van die persoon aan diens.** Ouers moet asseblief nie tydens rustyd steur nie. (14:00 - 15:00)
- **ALLE KLEUTERS MOET VOOR 17:15 AFGEHAAL WORD. GEEN UITSONDERING KAN GEMAAK WORD NIE.**
- Geen kleuter mag van die skoolgrond verwyder word sonder om die toesighoudende personeellid te verwittig nie!

2. SKOOLGELDE 2018: OGGENDSORG

- Per maand : R1 165.00 x 11 maande, waarvan 'n groot deel van die eerste maand reeds betaal is as toelatingsdeposito.
- Per kwartaal: R3 203.75.00 x 4 kwartale - Betaalbaar in die eerste week van elke kwartaal.

SKOOLGELDE 2018: VOLDAGSORG

- Per maand: R1 615.00 x 11 maande, waarvan 'n deel van die eerste maand reeds betaal is as toelatingsdeposito.
- Per kwartaal: R4 441.25 x 4 kwartale - Betaalbaar in die eerste week van elke kwartaal.
- Skoolgeld word tydens die begrotingsvergadering in die vierde kwartaal, vir die daaropvolgende jaar hersien, waarna dit vroeg in die nuwe jaar aan ouers gesirkuleer word.
- Een kalendermaand kennis moet gegee word indien 'n kleuter van die skool onttrek word.
- Paaielemente is **STRENG VOORUITBETAALBAAR** voor of op die 7de van elke maand.
- Indien enige betaling laat is, sal u deur ons invorderaar gekontak word.
- Skoolgelde is ook betaalbaar wanneer 'n kleuter siek is of met vakansie gaan.
- Die skool sal geen verantwoordelikheid aanvaar t.o.v. enige uitstaande of agterstallige skoolgelde indien u nie in besit is van 'n bewys van betaling nie.

3. SKOOLVAKANSIES

- Die skoolkwartaal en vakansies stem ooreen met voorskrifte soos deur die Onderwysdepartement bepaal.

4. KLEREDRAG

- 'n Voorgeskrewe rooi Tjokkiesak vir kleuters is beskikbaar by Tunika
Hierdie sak is kleiner as die Laerskoolsakke - maak asseblief seker daarvan.

SOMER:

- 'n Voorgeskrewe Tjokkie sporthempie en broekrompie vir dogters, is by Tunika beskikbaar.
- 'n Voorgeskrewe Tjokkie sporthempie en sportbroekie vir seuns, is by Tunika beskikbaar.

WINTER :

- 'n Vlootblou sweetpakbroek en rooi Tjokkiebaadjie/Tjokkie-top, is by Kloppers of Tunika, beskikbaar.
- **Tjokkiedrag is verpligtend op Maandae, Donderdae en tydens uitstappies en moet asseblief duidelik gemerk wees.**
- Op die ander dae kan enige gemaklike, selfhelp klere gedra word, kaalvoet gedurende die somermaande.
- Sit 'n **ekstra stel klere daaglik** in die rooi Tjokkiesak. (Kleuters kry **MAKLIK** glipsies of speel so lekker dat hulle vuil word en ongemaklik voel. Verduidelik asseblief aan hulle dat dit slegs vir noodgevalle is en **nie** vir aan- en uittrek nie.)

5. GESONDHEID

- Publieke gesondheidsregulasies word streng nagekom. Geen kleuter wat moontlik 'n aansteeklike siekte het, sal toegelaat word nie. (Bv. vomering, maagongesteldheid, griep, **kop-nete**, oog- of oorinfeksies, enige sere of koors.)
- Alle **immuniserings** moet op datum wees.
- 'n **Afskrif van die immuniseringskaart moet by toelating ingedien word.**
- Alle **allergieë** moet asb. skriftelik gerapporteer word.
- U kleuter se hare **MOET** gereeld vir kop-nete ondersoek word.

6. KOSBLIK

**Die kosblik moet asseblief 'n gewone kosblik met slegs een deksel wees.
Die kleutertjie moet dit self maklik kan oopmaak sonder dat die kos uitval.
Tassie-kosblikke of Koeler-sakke is te groot.**

6.1 OGGEND: (Nr. 1 gemerk met kleuter se naam).

- 'n Broodjie/rolletjie en/of ander gesonde kossies/vrug/droë vrugte ens.
- Geen lekkers, koekies of aartappelskyfies word toegelaat nie. Provita, gesondheidstafies, vrugtestafies en soutbeskuitjies is toelaatbaar.
- **Moenie koeldrank vir die oggend inpak nie, dit word verskaf.**
- 'n Botteltjie water vir soggens is toelaatbaar.
- Al die krane by Tjokkies het **SKOON** water want die hooftoevoerpyp het 'n watersuiweraar.

6.2 MIDDAG: (Nr. 2 gemerk met kleuter se naam).

- Maak asb. hierdie ete interessant, aangesien dit die middagkleuters se hoof-ete by die skool is.
- Geen lekkers, koekies of aartappelskyfies word toegelaat nie. Provita, gesondheidstafies, vrugtestafies en soutbeskuitjies is toelaatbaar.
- Ouers moet **self sorg vir iets te drinke vir middagete** (bv. melk, sap, koeldrank, **nie meer as 200ml nie**). **Geen gaskoeldrank.**
- Ouers moet **toesien** dat middagkos en koeldrank soggens **in die yskas** gebêre word.
- 'n Mikrogolf-oond is tot ons beskikking **vir middagkleuters**. (Kossies word slegs gedurende die **wintermaande** opgewarm.)
- Om 15:15 word koeldrank en koekies deur die skool verskaf.

7. BUITEMUURSE AKTIWITEITE :

- Hierdie aktiwiteite word opsioneel by die skool aangebied.
- Genoemde aktiwiteite en aanbieders word jaarliks tydens die eerste oueraand aan ouers bekend gestel.
- Buitemuurs word slegs na 15:15 in die middag aangebied, ten einde nie ons program te versteur nie.
- **Die skool hanteer geen fooie of skrywe aangaande bogenoemde nie.**

8. SKOOLHEK

Alle skoolhekke moet ten alle tye goed toegemaak word.

9. ALGEMEEN

- **Geen kleuter mag onder enige omstandighede van die skoolgrond verwyder word sonder om die toesighoudende personeellid te verwittig nie.**
- **Kleuters mag nooit speelgoed skool toe bring nie.** Ouers moet ook help met die opvoedingstaak as daar moontlik skool speelgoed tuis opduik en dit onverwyld vir ons terugbring, hoe klein ook al.
- **Nuusbriefe word elke Donderdag gesirkuleer.**
Lees dit asseblief altyd noukeurig ter wille van u kleuter. Hierdie kommunikasiekanaal met ouers verseker u kleuter se sekuriteit rakende gebeure en geleenthede by die skool.
- **Elke Vrydag is "Bederfdag"** en dan word lekkernye by die skool verkoop.
- Verjaarsdag-lekkernye mag gereël word met die betrokke onderwyseres.
- **Veranderings van adres en telefoonnommer** moet onmiddelik en skriftelik aan die skool deurgegee word.
- **Telefoon oproepe** kan slegs tussen 11h00 en 12h00 deur onderwysers ontvang word.

Dankie dat u u kleutertjie aan ons toevertrou. Hulle is vir ons spesiaal en ons sal Tjokkie-lojaliteit met trots by hulle help vestig.

TJOKKIE PERSONEEL